wenner van Level 2 tydens die vyfde Qualifier van SAWMGA NK wat verlede Saterdag op Prieska gehou is. – BduP.


## ABRAHAM HAAS†

VICTORIA-WES – 'n Bekende inwoner van die dorp, Abraham Haas, is op 14 Julie ter ruste gelê nadat hy op 8 Julie 2018 oorlede is.

Abraham is op 9 Junie 1933 op 'n plaas buite Carnarvon gebore. Hy was vir al sy jare in die boubedryf betrokke en bekend in Victoria-Wes en die omgewing. Uit sy eerste huwelik is elf kinders gebore; drie dogters en agt seuns. In sy leeftyd het hy drie kinders aan die dood afgestaan.

Na sy vrou se afsterwe is hy later weer met Lena getroud. Laasgenoemde is ook reeds oorlede.


Vir jare was Abraham ook 'n kerkraadslid in die plaaslike VGK gemeente. – EP



**ABRAHAM STERF**
OUDERLING Abraham Haas, bekende in die boubedryf in Victoria-Wes en vir baie jare kerkraadslid van die plaaslike Verenigende Gereformeerde gemeente, is op 14 Julie 2018 ter ruste gelê.



**SNOTKOP KOM OEWERFEES TOE**
GEWILDE kunstenaar, Snotkop is een van die kunstenaars wat by die Oewerfees op Prieska sal kom optree. Die fees vind vanjaar op 2 November plaas.



## TIEROOG ROLBAL

PRIESKA – Die Tieroog Rolbaltoernooi is een van die groot hoogtepunte op Prieska Rolbalklub se jaarlikse kalender. Hierdie toernooi vind weer vanjaar plaas op 14 en 15 September.

Rolbalspelers van ander klubs regoor die land word uitgenooi om so gou as moontlik 'n span van vier lede in te skryf vir hierdie toernooi. Gemengde spanne is welkom. Elke speler sal 'n prys ontvang en persone in die eerste drie plekke ontvang ook elk vleispryse. Die toernooi bied weer 'n opwindende sosiale geleentheid vir spelers waar daar heerlik saamgekuier word en Prieska gasvryheid geniet kan word.

## PUBLIC NOTICE

The National Department of Public Works (NDPW) plans to execute the following works at the Victoria West Magistrates Court (1 Victoria Street (Erf 369) Victoria West):

1. **Maintenance; and**
2. **Demolition and reconstruction of outbuilding**

Any Interested and Affected Party who wishes to comment is invited to do so in writing to

NGWAO-BOSWA YA KAPA BOKONE
at PO Box 1930, Kimberley, 8301 or
e-mail ratha.timothy@gmail.com
(please cc leoniembotes@gmail.com)

Closing date for comment is **20 August 2018.**